

GRAIN SA
GRAAN SA

# Die Graan- en Oliesadebedryf van Suid-Afrika

# 'N REIS DEUR TYD

## HOOFSTUK 9

# 9 Topprodusente en rolspelers WORD VEREER

*Iets wat 'n gevestigde gebruik in ander bedrywe was, naamlik om erkenning te gee vir die prestasie van produsente en bedryfsrolspelers, het eers sedert die vroeg 1980's in die graanbedryf begin posvat. In die groter geheel gesien, het dit 'n sterk bydrae gelewer om die beeld van die graanprodusent oor die afgelope 35 jaar te versterk.*

Benewens die feit dat die gehalte van die Suid-Afrikaanse produsent selfs in daardie jare al merkwaardig was, was die algemene beeld van die boer teen die laat sewentigerjare eerder een van 'n persoon in 'n oorpak en 'n randhoed op die kop agter die stuur van 'n trekker as dié van 'n sakeman wat tuishoort in die raadsale van die land. Die mieliebedryf se inisiatief met 'n beeldbouaksie het ongetwyfeld die toon aangegee in die uitbou van die beeld van landbou deur sy presteerders in die kollig te plaas.

Ná die mieliestryd tussen SAMPI en SAMSO se lede, het die verenigde NAMPO se lede rede gehad om te wys van watter stoffasie mense in die graanbedryf aan mekaar gesit is. Dr Piet Gous, eerste Hoofbestuurder van NAMPO, het dus die waarde gesien in 'n aanbod vanaf Three Ships Whisky om vanaf 1980 die Mielieman van die Jaar – en vanaf 1982 ook die Mieliewetenskaplike van die Jaar – te borg.



Dr Piet Gous



Mnr Crawford von Abo

## "LET'S MAKE A DOP..."

**An excerpt from an article which appeared in the Farmer's Weekly of 22 March 2011**

*Farmer's Weekly*'s editor in 1978, Lionel Mundell, contacts public relations man Hans Lombard. Three Ships Whisky wants to promote their product among the farming community, and Lionel has told them Hans is the best in the business. Which leaves Hans with a slight problem. How does one promote alcohol?

Later, while chatting to the management of Three Ships down in Stellenbosch, Hans is told the whisky is made from South African maize. It gives him an idea. How about a "Maize Man of the Year" sponsored by Three Ships, offering an agricultural (whisky) study tour of the Scottish Highlands?

Hans phones Dr Piet Gous, then general manager of NAMPO, and suggests to him that the maize producer's organisation should nominate such a Maize Man of the Year, and that Three Ships would sponsor it. The idea goes off like a bomb.

A few days later Hans is meeting with Dr Gous in his office at Bothaville to discuss the nominations. Then Dr Piet Gous asks, rather sheepishly, "I have never heard of Three Ships Whisky. Who are they?"

Hans smiles. "Kom ons gaan maak 'n dop. Ek wys jou." At which point both men duly set off to the local pub where the final arrangements for the Maize Man of the Year are made over a few tots of Three Ships Whisky – produced from maize, mind you.

Die einste dr Gous is in 1980 aangewys as NAMPO se eerste Mielieman van die Jaar, veral weens sy sleutelrol in die suksesvolle vorming van NAMPO.

In 1981 is mnr Crawford von Abo – 'n stigterslid van SAMPI en voorsitter van die Mielieraad – gekroon as Mielieman en in 1982 het die eer mnr Hennie de Jager, voorsitter van NAMPO, te beurt geval.

'n Deel van mnr Giel van Zyl, vorige Hoofbestuurder van NAMPO en later Graan SA, se opdrag toe hy in 1983 as administrasiebestuurder by NAMPO aangestel is, was om die Mielieman-toekennings na 'n volgende vlak te neem. Na die samestelling van 'n verteenwoordigende paneel onafhanklike kundiges om genomineerdes volgens geloofwaardige kriteria te beoordeel, is die gebruik destyds gevestig dat die paneel elke genomineerde besoek. Die stemming is per geslote stembrief gedoen en die wenner is eers die aand van die glansgeleentheid bekend gemaak. Die toekenningsgeleentheid is ook verander van 'n semi-formele funksie na 'n formele swartdas-onthaal in een van die toonaangewende vyfsterhotelle van Johannesburg.



**Mnr Hennie de Jager, Voorsitter van NAMPO wat aangewys is as die NAMPO Three Ships Whisky Mielieman van die Jaar (1982), mnr Greyling Wentzel, Minister van Landbou en dr HO Gevers wat aangewys is as die Mielienavorser van die Jaar (1982). Dr Gevers is bekend vir die belangrike deurbraak wat hy gemaak het met die ontwikkeling van die hoëlisien geelmieliebaster.**

## DR WILHELM ONTHOU…

Dr Wilhelm Snyman, voormalige direkteur van die LNR-Navorsingsentrum vir Graangewasse, was deel van die keuringspaneel sedert die instelling van NAMPO se Mielieman-projek tot aan die einde van 1989. Hy dink met 'n nostalgiese vonkel in die oog terug aan daardie jare en deel 'n paar van die humoristiese en uitsonderlike insidente uit die tydperk.

Die beoordelingsproses het dikwels meer as 'n dag beslaan en lede van die keuringspaneel het gevolglik oorgebly. Snyman vertel hulle is hartlik en gasvry ontvang soos wat net die Suid-Afrikaanse boeregemeenskap dit kan doen. “Ek was nooit voorheen in my lewe so oorval met uit-die-boek-etes en versnaperinge saam met die gereelde koffie en tee nie. In stede van 'n slaapdrankie was Eno's 'n gewilde item op ons medikasielys!”

'n Ander insident wat dr Snyman altyd sal bybly, is die “hoë-oktaan mampoer” wat een van die lede vroegoggend aangebied het “om die tande skoon te maak”! Synde nie gewoond aan “sulke sterk medisyne” nie, het Snyman eers veel later daardie dag opgehou hoes. Dit was so erg dat een van die paneellede gevra het of hy kinkhoes het.

Hy onthou ook die vrou wat na hul besoek diskreet kom vra het dat hulle tog in die toekoms weer 'n draai moet kom maak. Sy het vertel dat dit die eerste keer in jare was dat die plaaswerf nie vir haar 'n verleentheid was nie. Die werfskoonmaakproses het selfs die plaaswerkers laat vra of hulle die plaas gaan verkoop en trek!

Wat die blywendste indruk op hom gemaak het, was die bydraes van die eggenote van finaliste – veral met betrekking tot morele en liefdevolle ondersteuning aan hul egas. “Midde-in een van die ergste Wes-Transvaalse droogtes wat ek ooit beleef het, kom ons die oggend op die plaas van een van die deelnemers aan. Die plaaswerf lyk soos 'n skaapkraal – die enigste stukkie groen sigbaar, is 'n lowergroen grasperkie ongeveer twee treë by twee treë teen die muur van die woonhuis.” Later die aand het Snyman die vrou van die huis oor die grasperkie uitgevra. Sy het vertel dat sy al die gebruikte skottelgoed- en wasgoedwater op die grasperkie reg onder hul kamervenster gooi. Haar man het die gewoonte gehad om soggens na hy opgestaan het by die kamervenster uit te kyk. Sy wou hê dat hy darem iets groen sien voordat hy met sy dagtake begin.

Daar was ook die jongerige paartjie wat besoek is. Die vrou het vertel dat sy 'n stadsmeisie is wat nog nie veel van die boerdery weet nie. Haar man het die paneellede genooi om na sy voerkrale te gaan kyk. Snyman vertel dat hy in 'n stadium omgekyk het en gesien het hoe die stadsmeisie met hoë hakke en al spook om saam deur die krale te stap. “Wat 'n bevoorregte man”, mymer hy.



**Klankgreep: Die beeld van die boer moes verbeter word – mnr Giel van Zyl.**



**Mnr Giel van Zyl**

## TABEL 1(a): TOEKENNINGS GEMAAK DEUR NAMPO, 1980 - 1999

| | Hoofborg van Mielieman van die Jaar-dinee | Mielieman van die Jaar | Navorser/Mieliewetenskaplike van die Jaar | Goue mieliepit-toekenning – NAMPO se hoogste eerbewys |
|---|---|---|---|---|
| 1980 | Three Ships Whisky | **Dr Piet Gous** – Hoofbestuurder: NAMPO | | |
| 1981 | Three Ships Whisky | **Crawford von Abo** – Bothaville | | |
| 1982 | Three Ships Whisky | **Hennie de Jager** – Bothaville | **Dr HO Gevers** – Departement van Landbou | |
| 1983 | Three Ships Whisky | **Willie van der Ryst** – Koster | **Carel Koch** – Fedmis | |
| 1984 | Three Ships Whisky | **Toppie van der Linde** – Vierfontein | **Dr Mart Farina** – Departement van Landbou | |
| 1985 | Case SA | **Dirkie Serfontein** – Koppies, Vrystaat | **Prof Hekkie Harmse** – PU vir CHO | **Cerneels Claassen**<br>**Hennie Delport**<br>**Gerrit Green**<br>**Cornelis Leonard**<br>**Willie van der Ryst**<br>**Boetie Viljoen**<br>**Mof Visser**<br>**Crawford von Abo** |
| 1986 | Case SA | **Hilliard Cumin** – Koster | **Prof JM de Jager** – UOVS | |
| 1987 | Case SA | **Ollie Botes** – Hoopstad | | |
| 1988 | Foskor | **Danie le Roux** – Bultfontein | **Dr Kit le Clus** – NAMPO | |
| 1989 | Foskor | **Johannes van der Merwe** – Kroonstad | **Prof Alan Bennie** – UOVS | |
| 1990 | Foskor | **WH van Zyl** – Wesselsbron | | |
| 1991 | Foskor | **Boetie Viljoen** – Syferbult | | |
| 1992 | Foskor | Geen toekenning weens erge droogte gemaak. Foskor skenk steeds R50 000 aan NAMPO. | Geen toekenning | |
| 1993 | Foskor | **Jan Kirstein** – Makwassie | **Dr Jan Dreyer** – Instituut vir Groente en Sierplante | |
| 1994 | Foskor | **Justus Bergh** – Leeudoringstad | **Prof Boet Human** – UOVS | |
| 1995 | Foskor | **Koot Claassen** – Delmas | | |
| 1996 | Foskor | **Ivor Eden** – Hennenman | **Dr Org van Rensburg** – LNR-IGG | **Bully Botma**<br>**Cerneels Claassen**<br>**Japie Grobler**<br>**Pieter Meyer**<br>**Jan Schabort** |
| 1997 | Foskor | **Francois Haasbroek** – Bothaville | **Prof Gert Erasmus** – UOVS | |
| 1998 | Novartis | **Michael de Klerk** – Frankfort | **Prof Piet Geertsen** – LNR-IGG | |
| 1999 | Novartis | **Hans Janse van Rensburg** – Bronkhorstspruit | **Dr Jos de Kock** – LNR-IGG | |



## TABEL 1(b): TOEKENNINGS GEMAAK DEUR NAMPO, 1987 - 1995

| | Junior Mielieman van die Jaar | Landboupersoonlikheid van die Jaar | Mieliepersoonlikheid van die Jaar | Oorkondes vir leierskap se jarelange bydrae |
|---|---|---|---|---|
| 1987 | **Japie Grobler** – Bothaville | **Kobus Jooste** – President SALU | | **Fanie Ferreira**<br>**Crawford von Abo** |
| 1988 | **Martiens Prinsloo** – Hoopstad | | | |
| 1989 | **Glen Easton** – Koster | | | |
| 1990 | | **Dries Bruwer** – TLU | | **Boetie Viljoen** |
| 1991 | | **Dr WP Grobbelaar** – Departement van Landbou en Watervoorsiening | | |
| 1995 | | | **Giel van Zyl** – Hoofbestuurder: NAMPO | |

Dié uittreksel uit die *Mielies/Maize-tydskrif* van Desember 1985 gee 'n aanduiding van die statuur wat die toekenning ontwikkel het: "Wanneer van die Suid-Afrikaanse gholfkampioene en Curriebeker-kampioene gepraat word, word daar in dieselfde asem vandag van die mielieboer en mielienavorser in Suid-Afrikaanse landbou gepraat. Dit is die mees gesogte toekennings in die landbou vandag waarvoor boere en navorsers wedywer. Wanneer iemand as wenner in een van die twee afdelings aangewys word, is hulle kampioene in eie reg." (Sien **Tabel 1[a] en 1[b]** vir 'n opsomming van die toekennings deur NAMPO tot met 1999.)

Graan SA het sedert 1999 op hierdie grondslag voortgebou. Vandag nog verg die veeleisende evaluering vir hierdie toekenning baie van finaliste aangesien so te sê elke gedeelte van 'n boerderyonderneming geëvalueer word. Die waarde van die terugvoer en positiewe insette deur kundiges is egter van onskatbare waarde vir die deelnemer.

**Tabel 2** verskaf 'n opsomming van toekennings gemaak deur Graan SA vanaf 2000.



**Klankgreep: Die evaluasieproses was 'n skrikwekkende, maar verrykende ervaring vir deelnemers – mnr Giel van Zyl.**

## BORGE

Three Ships Whisky het die Mielieman-toekenning sedert die totstandkoming daarvan vir vyf jaar lank geborg, waarna Case en later Foskor as hoofborge opgetree het. Die NAMPO-hoofbestuur het besluit om die prysgeld in gelyke dele tussen die Mielieman en die Landbounavorser van die Jaar te verdeel.

In 1985 het JI Case die borgskap oorgeneem en 'n voorwaarde was dat die prysgeld aangewend moes word om 'n aspek van die mielieboerdery in die buiteland te ondersoek en daarna 'n verslag daaroor aan Suid-Afrikaanse mielieboere beskikbaar te stel.

Met die verloop van die jare, het daar vele wysigings aan die wedstryd plaasgevind – borge het gewissel, pryse het meer aantreklik geraak, die naam is verander om by die hedendaagse landbou-omgewing aan te pas en bykomende toekennings is ingestel om opkomende boere en diegene in te sluit wat spesiale bydraes tot die landbousektor lewer. Teen 1989 toe Foskor as borg toegetree het, is die prysgeld vir die Mielieman van die Jaar uitgebrei met twee retoervliegkaartjies vir die wenner en sy gade na New York.



## TABEL 2: TOEKENNINGS GEMAAK DEUR GRAAN SA (1999 - 2015)


| | Hoofborge | Graanprodusent van die Jaar | Graanwetenskaplike/Landboukundige van die Jaar | Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar |
|---|---|---|---|---|
| 2000 | Novartis | **Pieter Gildenhuys** – Heidelberg, Suid-Kaap | **Dr Klaus Pakendorf** – LNR-IGG | |
| 2001 | Syngenta | **De la Rey Tonkin** – Standerton, Mpumalanga | **Dr Carel Johan Swanevelder** – LNR-IGG | |
| 2002 | Syngenta<br>Land Bank | **Deon Bothma** – Mareetsane, Noordwes | **Dr Cobus le Roux** – LNR-KGI | **Karabo Peele** – Ventersdorp, Noordwes |
| 2003 | Syngenta<br>Land Bank | **Manny en Johnny da Costa** – Nigel, Gauteng | Geen toekenning | **Menyatso Matsididi** – Tweespruit, Vrystaat |
| 2004 | Syngenta<br>Land Bank | **Japie Grobler** – Bothaville, Vrystaat | **Prof Johann Kirsten** – Universiteit van Pretoria | **Paul Morule** – Putfontein, Noordwes |
| 2005 | Syngenta<br>Land Bank | **Kobus Dannhauser** – Parys, Vrystaat | Geen toekenning | **Moss Malo** – Delareyville, Noordwes |
| 2006 | Syngenta<br>Land Bank | **Willem de Waal** – Swartland, Wes-Kaap | **Dr Tom Drinkwater** – LNR-IGG | **Lasarus Mothusi** – Weltevreden, Noordwes |
| 2007 | Syngenta<br>ABSA | **Kobus Wessels** – Caledon, Wes-Kaap | Geen toekenning | **Lepati Macaphasa** – Phuthaditjhaba, Vrystaat |
| 2008 | Syngenta<br>Land Bank | **Schalk Stapelberg** – Piet Retief, Mpumalanga | **Dr Mike Hardy** – Departement van Landbou, Wes-Kaap | **Labious Manoto** – Lichtenburg, Noordwes |
| 2009 | Syngenta<br>ABSA | **Jaap van der Westhuizen** – Heilbron, Vrystaat | **Martiens du Plessis** – NWK | **Sameul Moloi** – Fouriesburg, Vrystaat |
| 2010 | Syngenta<br>ABSA | **Pien Bester** – Morreesburg, Wes-Kaap | **Prof Koos van Rensburg** – LNR-IGG | **William Matasane** – Senekal, Vrystaat |
| 2011 | Syngenta<br>ABSA | **Vlakplaas Boerdery** – Hoopstad, Vrystaat | **Prof André Agenbag** – Universiteit van Stellenbosch | **Koos Mthimkulu** – Senekal, Vrystaat |
| 2012 | Syngenta<br>ABSA | **Gilly Scheepers** – Fouriesburg, Vrystaat | **Prof Maryke Labuschagne** – Universiteit van die Vrystaat | **Israel Mothlabane** – Wesselsbron, Vrystaat |
| 2013 | Syngenta<br>ABSA | **Rhys Evans-groep** – Viljoenskroon, Vrystaat | **Kobus van Zyl** – Omnia Kunsmis | **Maurice Mthandeki Boki** – Matatiele, Oos-Kaap |
| 2014 | Syngenta<br>ABSA | **Richard Hobson** – Setlagole, Noordwes | Geen toekenning | |
| 2015 | Syngenta, ABSA en John Deere Financial | **Genade Boerdery** – Douglas, Noord-Kaap | Geen toekenning | |

| | Hoofborge | Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar | Kleinskaalboer van die Jaar | Bestaansboer van die Jaar |
|---|---|---|---|---|
| 2014 | Syngenta<br>ABSA | **Ralph Swart** – Elim, Wes-Kaap | **Lungelwa Kama** – Maclear, Oos-Kaap | **Enoch Khumalo** – Piet Retief, Mpumalanga |
| 2015 | Syngenta, ABSA en John Deere Financial | **Solomon Masangu** – Carolina, Mpumalanga | **Ngubengcuka Christian Moyo** – Maclear, Oos-Kaap | **Daliwonga Nombewu** – Mthatha, Oos-Kaap |

In 2000 toe al die produsente-organisasies onder die Nasionale Graanprodusente-organisasie (later Graan SA) saamgevoeg is, is die Mielieman-toekenning met die Graanprodusent van die Jaar-toekenning vervang. Hierdie projek van Graan SA, wat ten doel het om erkenning te gee aan produsente wat hul ondernemings sodanig bestuur dat dit as voorbeeld en inspirasie vir ander produsente kan dien, het oor jare in formaat toegeneem.

Sedert 2002 is daar ook 'n toekenning aan die Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar gemaak. Die eerste ontvanger was mnr Karabo Peele, 'n leierboer van Ventersdorp, wat voortgegaan het om die bedryf in meer as een hoedanigheid te dien, waarvan 'n aansienlike tydperk as trustee en later as voorsitter van die Mielietrust.

Die kleinskaal- en bestaansboere het mettertyd die bestuur van Graan SA se Ontwikkelende Landbouprogram in kennis gestel van hulle behoefte aan 'n eie



**Mnre Monwabisi Fandeso, besturende direkteur van die Land Bank en mnr Karabo Peele, Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar van 2002.**

kompetisie aangesien hulle nie direk met die groter nuwe era produsente kan meeding nie. In reaksie op die boere se versoek, is die Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar-toekenning vanaf 2014 aangepas om drie kategorieë te hê om produsente op verskillende vlakke geleentheid tot deelname te gee – Bestaansboer van die Jaar (0 ha tot 10 ha), Kleinskaalboer van die Jaar (meer as 10 ha, maar minder as 250 ton) en Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar (meer as 250 ton).

Die eerste wenners van die toekennings vir die jaar 2014 was soos volg:

- Graan SA/ABSA Bestaansboer – Enoch Khumalo van Piet Retief
- Graan SA/Syngenta Kleinskaalboer – Lungelwa Kama van Maclear in die Oos-Kaap
- Graan SA/ABSA Nuwe Era Kommersiële Boer – Ralph Swart van Swart Boerdery in Elim, Wes-Kaap.

By die toekenningsgeleentheid in 2014 het Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA gesê dié organisasie glo in die ontwikkeling van



GRAAN SA | Toekenningsgeleentheid | syngenta. ABSA

## Ontwikkelende landbou-wenners dankbaar vir ondersteuning

RUTH SCHULTZ, *SA Graan/Grain* medewerker; Foto's: HELENUS KRUGER

Die wenners van die drie splinternuwe kategorieë van die Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar het elkeen vanjaar hulle groot dankbaarheid uitgespreek vir dít wat Graan SA en ander rolspelers in die landboubedryf in elkeen van hulle boerderye al beteken het.

### Graan SA/Absa Bestaansboer van die Jaar (0 ha - 10 ha)

***Enoch Khumalo van Piet Retief***

"Ek het in 2012 betrokke geraak by Graan SA, toe my oë oop gegaan het. Vandag sien ek 'n toekoms. Ek vra die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye om asseblief deure vir my oop te maak en dat Graan SA sal aanhou om my te ondersteun, sodat ek vorentoe kan beweeg."

### Graan SA/Syngenta Kleinskaalboer van die Jaar (10 ha, maar minder as 250 ton)

***Lungelwa Kama van Maclear***

"Dit is 'n groot eer vir my om vanaand op hierdie verhoog te kan staan. Ek het dié toekenning nie verwag nie, maar ek is dankbaar en ek dank God vir alles wat hy vir my gedoen het. Baie dankie vir Graan SA vir my opleiding en dankie ook vir Vusi Ngesi (Graan SA ontwikkelingskoördineerder), ma Jane McPherson (bestuurder: Ontwikkelende Landbou, Graan SA) en my man, Vuyani, vir al julle hulp en leiding."

### Graan SA/Absa Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar (250+ ton)

***Ralph Swart van Elim***

"Dit is die Wes-Kaap wat hier staan en dit gebeur nie elke dag nie. Ek het in 1979 met 2 ha begin boer, 'n jaar daarna het ek 5 ha gehad en twee jaar daarna 9 ha. Toe ek graan verkoop het in 1979, was die prys R400/ton en 'n bees was R60."

Swart boer vandag op 2 300 ha grond en hy het 'n gemiddelde oes van 3 ton plus/ha. "Ek het eers vir die hoenders gesaai, maar vandag produseer ek vir Graan SA tonne en tonne graan en dit wil gedoen wees," het hy met trots gesê. Een van sy grootste uitdagings is grond. "Kosie van Zyl het in 2012 my mentor geraak en een oggend het hy by my stoor aangekom en vir die gifsmous gesê dat hy die regte chemie moet spuit, want 'Ralph moet 'n goeie oes maak om eendag sy eie plaas te kan koop'.

"Vandag, twee jaar later, koop ek 'n plaas in Stormsvlei. Absa, dit wat julle vir ons mense doen, waardeer ons baie. Baie dankie vir dié geleentheid. Ek het 'n toekoms vir my kinders probeer regkry, maar Absa, julle het vir my kinders 'n verdere hupstoot vir die toekoms gegee," was Swart se woorde.

Sy vrou, Preline, het ook vanaf die podium haar dankbaarheid uitgespreek. "Ek wil baie dankie sê vir Graan SA en al die rolspelers in ons boerdery – Kosie van Zyl (ons mentor), Liana Stroebel (Graan SA ontwikkelingskoördineerder) en Toit Wessels (ledebemarker: Graan SA). Dit wat ons bereik het, is net die Hemelse Vader se werk en ons is baie nederig oor al die toekennings wat op ons pad gekom het."

*Lees meer oor elkeen van hierdie drie wenners se boerderye in die September 2014-uitgawe van* SA Graan/Grain. ■

**Families deel in vreugde**

▲ Enoch Khumalo se vrou, Nomsa, deel die trotse oomblik waarin haar man sy toekenning ontvang het.

▲ Lungelwa Kama se man, Vuyani, is haar mentor in die boerdery.

▲ Ralph Swart vier sy prestasie saam met sy seun, Jacques en vrou, Preline.

November 2014

18

**'n Bladsy uit die SA Graan-tydskrif van November 2014. Dit was die eerste keer dat die Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar-toekenning aangepas is om voorsiening vir drie kategorieë te maak – Bestaansboer van die Jaar, Kleinskaalboer van die Jaar en Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar.**




**Labious Manoto van Lichtenburg in Noordwes en Schalk Stapelberg van Piet Retief, Mpumalanga was onderskeidelik die Ontwikkelende Graanprodusent en Graanprodusent van 2008.**

## TABEL 2B: ANDER TOEKENNINGS GEMAAK DEUR GRAAN SA

| | Inspirasietoekenning | Toekennings aan individue of bedryfsrolspelers | Erkenning vir uitnemendheid van Graan SA-hoofbestuurslede |
|---|---|---|---|
| 2005 | | Bully Botma vir jarelange toewyding, lojaliteit, diens en leierskap in die graanbedryf | |
| 2010 | | Louw Steytler vir betrokkenheid in Georganiseerde Landbou | |
| | | Vic Mouton vir betrokkenheid en posisies beklee in Georganiseerde Landbou | |
| 2011 | | Dr Jan Dreyer en Prof Alan Bennie – kry Graan SA-eretoekennings vir hul kundigheid en oordeel as jarelange beoordelaars in die Graanprodusent van die Jaar-keuringspaneel | |
| 2012 | | Trofeë oorhandig aan die ambassadeurs van Mexiko, China en Suid-Korea as uitvoerlande van Suid-Afrikaanse mielies | |
| 2013 | | Oorkonde aan Leon du Plessis as administrateur van die Sorghumtrust en Mielietrust | Anton Botha (Streek 20), Willie Linde (Streek 15) en Cobus van Coller (Streek 23) deel die toekenning |
| | | Toekenning van besondere waardering aan Charmian Swart van Transnet Freight Rail vir buitengewone diens aan die graanbedryf met in- en uitvoere | |
| 2014 | Prof Ferdi Meyer – BFAP | Gert Pretorius (postuum) – leierskap tydens eenwording en stigting van Graan SA | Jaco Minnaar (Streek 22) |
| | | Neels Ferreira – visie, uitnemende leierskap | |
| | | Fanie van Zyl – leierskap op Graan SA-dagbestuur en Ouditkomitee | |
| 2015 | Dr Julian Jaftha – Departement van Landbou, Bosbou en Visserye | Dr Cobus le Roux – lewenslange toewyding tot navorsing en ontwikkeling van graan en industriële gewasse | Andries Theron (Visevoorsitter: Graan SA) |
| | | Departement van Wetenskap en Tegnologie – belegging in graan-navorsing en nuwe tegnologie | |
| | | Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming – bydrae tot die Graan SA Landbouontwikkelingsprogram | |

kleinboere en is verbind tot landelike ontwikkeling. "Graan SA is altyd op soek na maniere om die gaping tussen klein- en kommersiële produsente te oorbrug. Landbou is die ruggraat van plattelandse gemeenskappe en die graanbedryf is die primêre voorsiener van voedselsekerheid."

In 2015 was Syngenta, ABSA en John Deere Financial die hoofborge van die Graanprodusente-toekennings, die formele toekenningsgeleentheid wat in Midrand plaasgevind het. John Deere Financial was ook die hoofborg van die Landbouontwikkelingsafdeling se jaarlikse *"Day of Celebration"*. Syngenta het aaneenlopend vir die afgelope 15 jaar as hoofborg van die Graanprodusent van die Jaar toekenning opgetree. ABSA en die Land Bank was onderskeidelik ook getroue borge van die Ontwikkelende Graanprodusente-toekennings sedert 2002.

Meer inligting oor die jaarlikse *Day of Celebration* van Graan SA se Ontwikkelende Landbouprogram, is ingesluit in Hoofstuk 8.

## WETENSKAPLIKE/LANDBOUKUNDIGE VAN DIE JAAR

NAMPO het sedert 1982 ook 'n Navorser van die Jaar aangewys. Hierdie toekenning is later deur Graan SA behou en uitgebrei na Graanwetenskaplike/Landboukundige van die Jaar. Die doel hiermee is om graanwetenskaplikes en landboukundiges te vereer wat 'n groot bydrae tot die bedryf lewer. Dr HO Gevers, destyds verbonde



**Klankgreep: NAMPO het ook erkenning begin gee vir die Wetenskaplike sowel as vir die Persoonlikheid van die Jaar – mnr Giel van Zyl.**



**By die Graanprodusent van die Jaar-funksie 2014 is: (Van links) Antonie Delport (Syngenta), Louw Steytler, Lungelwa Kama (Kleinskaalboer van die Jaar), Ralph Swart (Graan SA/ABSA Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar), Jannie de Villiers en Enoch Khumalo (Bestaansboer van die Jaar). Voor sit Richard Hobson (Graanprodusent van die Jaar).**



**Dr Jan Dreyer**

aan die Departement van Landbou, is in 1982 as die eerste Mieliewetenskaplike van die Jaar aangewys.

Dr Jan Dreyer, voormalige hoof van die LNR-Instituut vir Graangewasse wat hierdie toekenning in 1993 ontvang het, meen dit het nie noodwendig nuwe deure geopen nie, maar beslis meer geloofwaardigheid verleen. Prof Alan Bennie, voormalige professor in Grondkunde aan die Universiteit van die Vrystaat wat in 1989 as Navorser van die Jaar aangewys is, meen dit het deels daartoe gelei dat hy later op die Graanprodusent-keuringpaneel aangestel is.

## KRITERIA

Graanprodusent-beoordelingskriteria sluit die volgende in: Sakebetrokkenheid buite die landbou, produksie- en bewerkingspraktyke, bemestingsbeleid, kultivarkeuses, plaag- en onkruidbeheer, finansiële bestuur, meganisasiebestuur, arbeidsbestuur, gemeenskapsbetrokkenheid, bemarking en verskansing van produkte.

Prof Bennie was vir 22 jaar lank deel van die beoordelingspaneel van die Mielieman en Graanprodusent van die Jaar-wedstryde. Hy vertel dat beoordelaars die genomineerdes op hul plase besoek het en punte volgens die lys kriteria toegeken het. Die drie topkandidate is dan as finaliste aangewys waarna die lede van die beoordelingspaneel elk 'n geslote stem uitgebring het. Dit was eers by die toekenningsgeleentheid dat hulle geweet het wie die wenner was.

Dr Dreyer meen dat 'n mens deur die jare ook uit die proses leer watter vaardighede en eienskappe produsente behoort te hê om suksesvol te wees. Volgens hom is dit noodsaaklik dat die produsent altyd in beheer, kreatief en passievol moet wees.

Hy meen voorts dat daar oor die jare 'n klemverskuiwing was van 'n familiebedryf met 'n patriarg aan die hoof na 'n sakeonderneming. Dit is vandag nodig dat 'n produsent 'n ondersteuningsnetwerk opbou. Die jare waar hy alles self kon doen, is verby. Produsente moet ook baie meer omgewingsbewus wees as voorheen.

"Die wenprodusente is realisties, maar bly ongelooflik positief en het die vermoë om risiko's te hanteer."



**Ontwikkelende Grondboonprodusent van die Jaar, Edmund Tsogang, ontvang 'n sertifikaat van mnr Gert Pretorius, NOPO Voorsitter.**

## ANDER TOEKENNINGS

Die Nasionale Oliesadeprodusente-organisasie (NOPO) het vanaf 1996 erelidmaatskap toegeken aan produsente en rolspelers in die bedryf as erkenning vir buitengewone en uitnemende diens aan die organisasie. Ontwikkelende sonneblom- en grondboonprodusente is ook vanaf 1999 vereer. Mnr Basie Ntsimane, wat alombekend in landboukringe is, as Ontwikkelende Sonneblomprodusent van die Jaar aangewys en mnr Edmund Tsogang as Ontwikkelende Grondboonprodusent van die Jaar. Kriteria het suksesvolle produksiepraktyke, betrokkenheid by studiegroepe en ondersteuning aan ander produsente ingesluit.



**Mnre Francois Basson en Louis Joubert (albei van Advanta) en Basie Ntsimane, Ontwikkelende Sonneblomprodusent van die Jaar.**

Mnr Anton Nebe van Potchefstroom, wat aktief in die graansorghumbedryf betrokke is, het op navraag bevestig dat daar geen toekennings aan uitstaande produsente in dié bedryf gemaak is voor die vorming van Graan SA nie. So ook, het Andries Beyers, laaste voorsitter van die Wintergraanprodusente-organisasie (WPO), op navraag bevestig dat daar geen toekennings aan uitblinkerprodusente in die WPO was nie. In die koringbedryf is wel voorheen 'n Koringman van die Jaar aangewys. Dit was 'n inisiatief deur drie Kaapse landboubesighede.

Daar was ook sporadiese toekennings vir die Landbouleier van die Jaar asook die Mieliepersoonlikheid van die Jaar. Mnr Giel van Zyl, voormalige Hoofbestuurder van NAMPO/Graan SA, is byvoorbeeld in 1985 as die Mieliepersoonlikheid aangewys. Spesiale eerbewyse of oorkondes vir landbouleiers of bedryfsrolspelers is veral sedert 2010 tydens die Kongres of tydens die Graanprodusentegeleentheid deur Graan SA oorhandig.




**Die Koster-skild gaan jaarliks vir die beste reeks artikels wat in *SA Graan/Grain* verskyn het.**

Die Goue Mieliepit-toekenning – 'n werklike goue mieliepit wat as 'n lapelwapen gedra word – was die hoogste eerbewys wat deur NAMPO gedoen is. Die toekenning is klaarblyklik slegs twee keer gedoen, naamlik aan die agt produsentelede wat in 1985 uit die Mielieraad bedank het (mnre Cerneels Claassen, Hennie Delport, Gerrit Green, Cornelis Leonard, Willie van der Ryst, Boetie Viljoen, Mof Visser en Crawford von Abo) en weer in 1996 aan die vyf persone wat vir sewe jaar aaneen op NAMPO se dagbestuur gedien het sedert 1989. Laasgenoemde was mnre Cerneels Claassen, Jan Schabort, Japie Grobler, Bully Botma en Pieter Meyer. Claassen was dus die enigste persoon wat die Goue Mieliepit twee keer ontvang het.

## TABEL 3: TOEKENNINGS GEMAAK DEUR NOPO (1996 - 1999)

| | Erelidmaatskap | Ontwikkelende Grondboonprodusent van die Jaar | Ontwikkelende Sonneblomprodusent van die Jaar |
|---|---|---|---|
| 1996 | **SJ Malherbe** – Voorsitter: Sonneblombedryfskongres | | |
| 1997 | **JE Grobler** – Lid van Dagbestuur en Vise-voorsitter NOPO | | |
| | **Dr CJ Swanevelder** – Grondboonkundige LNR-OPS | | |
| 1998 | **PJ Wessels** – Nasionale Landboubemarkingsraad | | |
| 1999 | **J du Plessis** – Oliesaderaad | **Edmund Tsogang** – Genesa Studiegroep | **Basie Ntsimane** – Bafokeng-Noord Studiegroep |

Die Landbouskrywer-skild en die Koster-skild is ook jaarliks oorhandig. Die Landbouskrywers-skild het aan die beste spreker by die jaarlikse kongres gegaan, terwyl die Koster-skild vir die beste reeks artikels in die tydskrif gegaan het. Hierdie toekennings word steeds sedert 1999 tydens Graan SA se kongres gemaak.

## INSPIRASIE-TOEKENNING

Graan SA se Inspirasie-toekenning is ingestel as blyk van waardering vir deurlopende bydraes wat individue of organisasies tot die graanbedryf maak wat voortgaan om buitengewone resultate te bereik en die bedryf te inspireer om meer mededingend te wees in sy verbintenis tot uitnemendheid. Die eerste ontvanger van die Inspirasie-toekenning was prof Ferdi Meyer van die BFAP in 2014.

Hierbenewens word daar ook tydens die Graan SA Kongres en by die Graanprodusente-toekenningsgeleentheid erkenning aan individue gegee wat die




**Die eerste ontvanger van die inspirasietoekenning was prof Ferdi Meyer van BFAP (regs) in 2014. Mnr Andries Theron, Vise-voorsitter van Graan SA, het dit aan hom oorhandig.**



**Graan SA het in 2013 vir die eerste keer aan dienende hoofbestuurslede erkenning gegee vir uitnemendheid. Anton Botha (Streek 20), Willie Linde (Streek 15) en Cobus van Coller (Streek 23) het die trofee gedeel.**

graanbedryf met uitnemendheid gedien het en tot die welvaart daarvan bygedra het deur hul tyd, ondersteuning en toewyding daaraan te bestee.

Graan SA neem sedert 2011 jaarliks tydens 'n spesiale aandfunksie op NAMPO Park afskeid van uitgetrede hoofbestuurslede en hul gades. "In elke organisasie is daar mense wat bereid is om duisende kilometers af te lê en honderde vergaderings by te woon. Graan SA moet erkenning gee vir diegene wat bereid was om dit te doen – asook die vroue wat hul mans in staat gestel het om hierdie opofferings te maak vir 'n groter saak," was mnr Louw Steytler, vorige voorsitter van Graan SA, se boodskap tydens 'n geleentheid op 29 Julie 2014 te NAMPO Park, waar afskeid geneem is van uitgetrede lede van die Hoofbestuur.

Tydens 2013 se geleentheid het mnr Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder, 'n "erkenning vir uitnemendheid"-toekenning aan dienende Hoofbestuurslede aangekondig. Die toekenning word gemaak aan iemand wat diep spore in die organisasie trap; wat karakter toon en wat die personeel met sy/haar bydrae inspireer. Mnre Anton Botha (Streek 20), Willie Linde (Streek 15) en Cobus van Coller (Streek 23) was die eerste hoofbestuurslede aan wie die toekenning gemaak is. Hulle het die toekenning gedeel.

Erkenning vir Graan SA-personeel met jare diens word ook by die geleentheid oorhandig.

**Solomon en Christina Masango, is die trotse eienaars van 'n splinternuwe John Deere 5403 MFWD 48kW trekker, geborg deur John Deere Financial in vennootskap met ABSA. Jurie Mentz (Graan SA Ontwikkelingskoördineerder) en Jane McPherson oorhandig die sleutel aan die wenners. >>>**

## LIGTER MOMENTE IN DIE KEURINGSPROSES

Lede van die beoordelingspaneel van die Mielieman en Graanprodusent moes elke genomineerde op sy plaas gaan besoek, en hulle is uit die aard van die saak met gulle boeregasvryheid ontvang en onthaal.

Daar was natuurlik ook vele ligter oomblikke tydens die streng keuringsproses. Dr Jan Dreyer wat vir sowat 25 jaar lid van die keuringspaneel was, onthou een insident in besonder. 'n Boervrou het die paneel baie deftig op tee en verversings trakteer. Haar klein dogtertjie wou duidelik graag met die paneellede gesels. Dr Jan vertel dat die mamma haar behoorlik weggekeer het van hulle soos 'n "skaaphond skape wegkeer". In 'n onbewaakte oomblik het die jonge juffer toe haar kans aangegryp, paneellid prof Ockie Bosch vas in die oë gekyk en laat hoor: "Oom, my ma het hierdie goue teelepeltjies geleen en sy sê as één van hulle wegraak, dan dônner sy persoonlik die mense wat hier kom tee drink het".

Al wat prof Alan Bennie, wat sowat 22 jaar op die keuringspaneel gedien het, wou deel was dat beoordelaars baie tyd in mekaar se geselskap deurgebring het, en "dan raak mense maar stuitig".

Dr Dreyer vertel ook van die keer toe die span na hul besoek op die plaas plaashuis toe is vir koffie. Daar het die boervrou gesê sy wil hulle graag bedank, want sy het al vir dertig jaar lank gevra dat haar man 'n hoop gemors van die werf af moes kry. Voor die besoek van die paneel, is dit uiteindelik verwyder…

Dit was ook duidelik dat absoluut niks agterweë gelaat is voor hierdie besoeke van die keuringspaneel nie. By sommige plase waar hulle gekom het, was die verf op die mure nog nat, vertel dr Jan verder.

Aanvanklik het lede van die paneel met motors na die plase gery en dit het in 'n reisiesjagery ontaard. Een man het glo sy motor se spoedbeheer op 180 km/h gestel! 'n Destydse lid van die paneel vertel dat hy maar altyd baie dankbaar was wanneer hy na so 'n reis in een stuk tuisgekom het. Die organiseerders het gelukkig later minibusse vir die doel beskikbaar gestel.

